

Die See van Galilea of die Dooie See?



Pastoor, hoekom noem mense die Dooie See 'dood'?

Man, die Jordaanrivier en nabygeleë stroompies voer aaneen water in die Dooie See in, maar die Dooie See self het geen uitlaat nie. Al manier waarop die Dooie See water kan verloor, is deur verdamping. Wanneer die water verdamp, bly opgeloste mineraalsoute egter agter.



Sonder enige uitlaat is verdamping die enigste wyse waarop water die Dooie See kan verlaat. Die water verdamp, maar opgeloste minerale bly natuurlik agter. Oor die millennia het die Dooie See se mineraalvlak al hoe hoër gestyg, sodat die water tans buitengewoon dig is. Die gevolg van massiewe invloei sonder enige uitvloei is 'n dooie see!

Hier is 'n paar interessante feite oor dié ongewone stuk water:

Die Dooie See is die laagste punt op die aarde, byna 426 meter onder seevlak. Met sy diepte van 377 meter, is dit ook die wêreld se diepste soutmeer. Omdat die Jordaanrivier se water vir besproeiings- en drinkdoeleindes afgekeer word, daal die Dooie See se watervlak met ongeveer een meter per jaar.

Verstommend genoeg kan die Dooie See se water in die somer 'n temperatuur van tot 32°C haal, terwyl die wintertemperatuur gemiddeld 20° is.



Pastoor is reg, daar is wonderlike feite oor die Dooie See op die Web!



Kannie swem nie? Toemaar, niemand sink in die Dooie See nie!



Die Jordaanrivier voed die Dooie See.

Die Dooie See word soms ook die Soutsee genoem, aangesien dit uit 33.7% natriumchloried (die chemiese term vir sout) bestaan. Dis so sout dat geen vis- of plantlewe daarin voorkom nie.

Daarentoë wemel die fraaie See van Galilea in die noorde behoortlik van vaardurvis, wat uitwendig via die Jordaanrivier tot in die Dooie See.




Pastoor, ek lees in dié boek oor Israel. Ek besef nou eens hoeveel mense uit 'n goeie boek kan leer!

Herodus die Grote, Jesus en Johannes die Doper word nou verbind met die Dooie See en sy omstreke.



Links: Sommige van die Kumraangrotte
 Inlas: Kruike waarin die geskrifte bewaar is
 Regs: Die groot Jesaja-geskrif

In die Romeinse tyd het die Esseners (Jesus se stam) hulle in Kumraan aan die noordkus van die Dooie See gevestig. Daar het hulle in die sagte sandsteen 'n biblioteek vir hulle kosbare geskrifte uitgekerf. 2 000 jaar later word dié biblioteek ontdek en die 'Dooie See-geskrifte' ge-
 doop.



Liewe Vriend

Ek het die interessante agtergrond nou as 'n gelykenis gebruik. Die Dooie See ontvang water, maar gee niks in ruil nie; die Dooie See is soos 'n selfsugtige Christen wat net gryp en niks teruggee nie.

Waar daar 'n watermassa sonder uitlaat is, soos die Dooie See, is daar 'n gebrek aan lewe. Dié natuurwet geld ook vir God se kinders en verduidelik waarom soveel gelowiges so vrugtelos en geestelik tam is.

Dis moontlik vir sommige mense om die Skrif heeltyd te bestudeer, om die Woord in te neem soos dit van die preekstoel af verkondig word, maar nogtans leweloos en vrugtelos in hulle Christelike lewens te wees. Sulke mense is soos die Dooie See.

Om flink en nuttige gelowiges te wees, moet ons nie net alles 'inneem' wat ons kan nie, ons moet ook 'uitdeel' in diens van ander!



Jy't seker nou al geraai dat dié traktaat oor evangelisering met God se Woord handel. Hoe kan ons dan mense word uit wie 'strome lewende water' vloei?

En Hy sê vir hulle: "Volg My, en Ek sal julle vissers van mense maak."

Matteüs 4:19



Matteüs 28:19 stel die Hinklaar: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."

Die 'eindydkerk' se sending is om die ewige evangelie aan die mense te verkondig in die lig van die boodskappe van die Drie Engele in Openbaring 14:6-12.



As ons waarlik liefhet...

As ons waarlik liefhet, sal ons gee, sal ons deel en sal ons dien. En ons sal saamstaan in tye van voorspoed en teenspoed, ons sal ander voorop stel, ons sal ons lewens deel, en bo alles:

Ons sal Christus deel.

☛ Is daar iemand van wie jy weet wat jou hulp nodig het, vir wie net jy kan help? Sal jy dit asseblief doen?



'n Sleuteleienskap van 'n wedergebore Christen is 'n mededeelsame gees en 'n welwillende hart.

Eenvoudig gestel, beteken dit terwyl ons deur **Die Woord** gevoel word, **ons ander** ook voed.

Jesus sê: "Dit is meer geseënd om te gee as om te ontvang."
Handelinge 20:35



Ons lewe KAN NIE stagneer as ons die opdragte uitvoer wat Christus ons gegee het nie. Liefde sal voortvloei uit ons reservoir van lewende water en vryelik na elke deel van ons lewe loop.

"Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: 'strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.'" Johannes 7:38



Jesus sê mens moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand.

"Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee gebooue is die hele wet en die profete saamgevat." Matteüs 22:37-40

Net soos ons liefde vir God begin wanneer ons na God se Woord luister, is die begin van ons liefde vir ander Christene wanneer ons leer om na hulle te luister. - Dietrich Bonhoeffer



Weet jy wat die probleem met sommige Christene is? Hulle wil altyd net aan die ontvang-kant pleks van die gee-kant wees. Hulle is soos die Dooie See. Hulle het 'n 'inlaat', maar geen 'uitlaat' nie.

◆ **Hoekom gebeur dit wanneer ons al reeds soveel ontvang het?**

Ek hoop om jou met hierdie traktaatjie te besiel om gulhartiger te word. Om meer soos 'n rivier as 'n Dooie See te word. Riviere ontvang water stroomop en voer dit stroomaf. Ek daag jou uit om die seëninge wat jy by God ontvang stroomaf te voer en met ander mense te deel!